higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

(8021004)

12 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

078Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Ons strafprosesreg is vervat in die Strafproseswet 53 van 1977.

1.2 Die beskuldigde moet altyd by die verhoor teenwoordig wees om te verseker dat getuies die waarheid praat.

1.3 'n Vredesbeampte kan iemand sonder lasbrief in hegtenis neem:

1.4 Die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998 is onder andere gemoeid met die ontsnapping van gearresteerde persone in die tydperk tussen inhegtenisneming en opname in gevangenis.

1.5 Artikel 20 van die Strafproseswet 51 van 1977 stel die Staat in staat om op drie klasse artikels beslag te lê.

1.6 Ingevolge artikel 71 van die Strafproseswet 51 van 1977 kan 'n beskuldigde in plaas van borgtog op waarskuwing vrygelaat word.

1.7 Sewe verskillende pleite word in artikel 106 van die Strafproseswet 51 van 1977 gelys.

1.8 Artikel 35(3)(q) van die Grondwet van 1996 verleen aan elke beskuldigde regresreg by wyse van appèl na, of hersiening deur, 'n hoër hof.

1.9 'n Boete en gevangesetting by 'n verbeteringskool is nie 'n geskikte vonnis ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 nie.

1.10 Artikel 217 van die Strafproseswet 51 van 1977 Is gemoeid met die vereistes waarvolgens 'n bekentenis toelaatbaar is.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 In (*Zuma* 1995/*Makwanyane* 1995) het die regter opgemerk dat die regte van gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone die afgelope 150 jaar as basiese beginsels van ons reg erken word.

2.2 Artikel (35/158) van die Grondwet bepaal onder meer dat 'n beskuldigde persoon 'n reg op 'n billike verhoor het.

2.3 Artikel (26/28) van die Strafproseswet 51 van 1977 handel oor onregmatige deursoeking deur die polisie.

2.4 (Bedrog/Roof) is een van die misdrywe wat deel van die Bylae 6-misdrywe uitmaak.

2.5 Die (Hoë Hof/Hoogste Hof van Appèl) het jurisdiksie in die hele geografiese gebied van Suid-Afrika.

2.6 In (*Sinama* 1998/*Scheepers* 1977) het die hof beslis dat die belange van die samelewing vereis dat diegene wat polisiebeamptes aanval en vermoor, kwaai gestraf moet word wanneer 'n vonnis opgelê word.

2.7 Enige beskuldigde onder (16/18) jaar oud tydens die pleging van die misdryf mag appèl aanteken sonder dat hy of sy om verlof tot appèl teen 'n skuldigbevinding aansoek hoef te doen.

2.8 Artikel (218/219) van die Strafproseswet 51 van 1977 bepaal dat geen bekentenis wat deur enige persoon gemaak word, as getuienis teen 'n ander persoon toegelaat sal word nie.

2.9 (*Autrefois convict/Autrefois acquit*) is wanneer die beskuldigde voorheen op dieselfde feite skuldig bevind is.

2.10 (*Khumalo* 1991/*Mholongo* 1991) het dienooreenkomstig aangevoer dat die bewyslas altyd op die staat rus indien die beskuldigde 'n alibi opper.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Strafproses	A	Bekragtiging van uitsluiting van geprivilegieerde dokumente vir beslaglegging
3.2	Artikel 35 van die Grondwet van 1996	B	Om vals getuienis te lewer nadat onder eed belowe is om die waarheid te praat
3.3	Artikel 158 van die Strafproseswet 51 van 1977	C	Om binne grense te beperk
3.4	*Bogoshi vs Van Vuuren and others* 1996	D	Artikel 163 van die Strafproseswet 51 van 1977
3.5	Hoorsêgetuienis	E	Amper maar nie heeltemal nie
3.6	Meineed	F	Die hoë hof besit ’n hersieningsbevoegdheid
3.7	Omskryf	G	Wet op Kinderberegting 75 van 2008
3.8	Bevestiging in plaas van eed	H	Begin wanneer ’n misdaad na bewering gepleeg word
3.9	Vonnisoplegging van jeugdige oortreders	I	Getuienis oor geskilpunte wat nie persoonlik deur die getuie gesien of gehoor is nie
3.10	Kwasigeregtelike liggame	J	Strafregtelike verrigtinge om in teenwoordigheid van beskuldigde plaas te vind
		K	Waar daar ’n poging is om ’n vryspraak wat verkeerdelik gedoen is, tersyde te stel
		L	Gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die verskil tussen die volgende, soos in die Suid-Afrikaanse strafprosesreg gestipuleer.

4.1.1 Akkusatoriese prosedure (4)

4.1.2 inkwisitoriese prosedure (2)

4.2 Bespreek die uitsonderings op die reël ingevolge artikel 159(2)(b) van die Strafproseswet 51 van 1977 indien enige van die beskuldigdes by die verrigtinge afwesig is. (5)

4.3 Beskryf die doel van inhegtenisneming soos ingevolge die reg bepaal. (2)

4.4 Verduidelik wie ’n lasbrief vir inhegtenisneming mag uitreik en verstrek die inligting wat die aansoek moet bevat om sodanige lasbrief ingevolge artikel 43 van die Strafproseswet 51 van 1977 uit te reik. (7)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

TWEE BESKULDIGDES GEVONNIS VIR HANDELDRYF IN DAGGA

KWAZULU-NATAL – Op Maandag 3 April 2023 het die Pietermaritzburg Landdroshof Simon Mbanjwa (48) en Sandile Cebekhulu (44) aan handeldryf in dagga skuldig bevind en gevonnis.

Mbanjwa en Cebekhulu is in Mei 2020 deur lede van die Valke van die Pietermaritzburgse Ondersoekeenheid na Ernstige Georganiseerde Misdaad in hegtenis geneem. Hulle is in die omgewing van Mkondeni in hegtenis geneem waar hulle op heterdaad betrap is terwyl hulle 57 sakke dagga van ’n minibus afgelaai het.

Hulle is aangekla van handeldryf in dagga en op borgtog vrygelaat. Die twee het verskeie kere in die hof verskyn totdat hulle op Maandag skuldig bevind is. Albei beskuldigdes is tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis, waarvan vyf jaar opgeskort is. Hulle sal vyf jaar direkte gevangenisstraf uitdien of ’n boete van R60 000 betaal.

[Vertaal uit: *The SAPS Media,* 5 April 2023]

5.1 5.1.1 Mbanjwa en Cebekhulu is skuldig bevind en deur die landdroshof tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis, waarvan vyf jaar opgeskort is. Bespreek die jurisdiksie van die hof met betrekking tot (a) die misdryf gepleeg en (b) die vonnis. (6)

5.1.2 Verduidelik in die geval van Mbanjwa en Cebekhulu kortliks hul reg op regres by wyse van appèl na, of hersiening deur, 'n hoër hof, behalwe die hof van eerste instansie, ingevolge artikel 35(3)(o) van die Grondwet van 1996. (5)

5.2 Verduidelik VIER maniere waarop 'n strafsaak, wat in eerste instansie in 'n hoër hof verhoor is, na die Hoogste Hof van Appèl geneem kan word. (4)
[15]

VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

POLISIELEDE NEEM VERDAGTE MET ONGELISENSIEERDE VUURWAPEN IN HEGTENIS

WES-KAAP: 5 SEPTEMBER 2023 – Die vasberadenheid om gemeenskappe van vuurwapens te verlos, wat as 'n groot bydraer tot ernstige en geweldsmisdaad beskou word, het op Maandag tot die inhegtenisneming van 'n 30-jarige man gelei wat in besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen en ammunisie betrap is.

Lede van die taakspan teen ekonomiese misdaad was besig met misdaadvoorkoming-bedrywighede in die Mfuleni-gebied toe hulle 'n man uit die bosse sien naderkom het. Toe die man die polisie sien, het hy begin weghardloop. Die lede het die verdagte te voet agternagesit en hom gevange geneem. Hy is in besit van 'n 9 mm-pistool betrap. Hy kon nie 'n vuurwapenlisensie wys nie en is in hegtenis geneem en aangehou.

Die verdagte sal Woensdag op die aanklagte in die Blue Downs Landdroshof verskyn.

[Vertaal uit: *The SAPS Media,* 05 September 2023]

6.1 6.1.1 Dink jy dat die polisie wettig opgetree het deur die 30-jarige man wat met 'n ongelisensieerde vuurwapen weggehardloop het, gevange te neem, te deursoek en aan te hou? Antwoord slegs 'Ja' of 'Nee'. (1)

6.1.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 6.1.1 deur te verwys na die toepaslike bepalings, soos in artikel 22 van die Strafproseswet 51 van 1977 vervat. (6)

6.2 Noem en verduidelik DRIE belangrike oorwegings wat die howe in ag moet neem wanneer 'n vonnis opgelê word. (3 × 2) (6)

6.3 Verduidelik die bepaling dat 'n beskuldigde ingevolge artikel 35 van die Grondwet van 1996 'n grondwetlike reg het om by die verhoor teenwoordig te wees. (2)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7 ☆

7.1 Noem die omstandighede ingevolge waarvan artikel 49(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 voorsiening maak vir die gebruik van geweld ten einde ’n inhegtenisneming in werking te stel. (6)

7.2 Verduidelik die belangrikheid van die 48-uur-prosedure ná inhegtenisneming. (5)

7.3 Verduidelik kortliks faktore wat die hof kan verhoed om borgtog aan ’n beskuldigde toe te staan as hy/sy poog om getuies te beïnvloed of te intimideer of om bewysmateriaal te verberg of te vernietig. (5)

7.4 Beskryf waaruit ’n dokument moet bestaan asook die reëls waaraan dit moet voldoen, sodat dit as toelaatbare getuienis in die hof kan kwalifiseer. (4)
[20]

☆

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou